

Sondag 19 Junie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-11; HK Sondag 16, Antwoord 40

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:3

Christus het Hom tot in die dood verneder

Toe Christus die sesde keer aan die kruis gepraat het, het Hy gesê: “*Dit is volbring!*” Dit is afgehandel! Wat beteken hierdie uitspraak? Beteken dit dat sy versoeningswerk voltooi is? Nee, dit beteken dat die *swaarste deel* van sy versoeningslyding volbring is toe Hy die smarte van die hel moes verduur. As die swaarste deel van sy lyding volbring is, beteken dit egter nie dat sy versoeningswerk self ten volle afgehandel is nie. Christus het die tweede dood (Op. 20:6; 21:8), die smarte van die hel oorwin, maar nou moet Hy nog die eerste dood, die liggaamlike dood oorwin. Daarom moes Hy sterwe. Hoe verskriklik Christus se lyding aan die kruis ook al was, tog was dit nie genoegsaam om ons ten volle van die sonde en die gevolge te verlos nie. Om ons daarvan te verlos, moes Christus sterwe. Dit is wat ons belydenis duidelik stel in Vraag en Antwoord 40. Die noodsaaklikheid van Christus se dood word daarin gemotiveer met verwysing na God se eie deugde of eienskappe, naamlik sy geregtigheid en sy waarheid. Om die onvermydelike doodsvonnis van Christus te verstaan, moet ons aan hierdie deugde van God aandag gee.

Die geregtigheid van God. Uit die eerste bladsye van die Bybel weet ons dat, volgens ’n uitdruklike uitspraak van God Self, die doodstraf op die sonde gerus het. God het die mens immers verbied om van die boom van alle kennis te eet en bygevoeg: “*Die dag as jy daarvan eet, sterf jy*” (Gen. 2:17). Dit is dus duidelik dat die straf op die sonde die dood is. As die sonde nie met die dood gestraf word nie, word God se reg gekrenk en dit mag nie, of sterker gestel, dit kan nie gebeur nie. So noukeurig let God op sy reg dat Hy die sonde, eerder as om dit ongestraf te laat bly, aan sy liewe Seun met die bitter en smadelike dood aan die kruis gestraf het. Vanweë die geregtigheid van God kon daar nie anders vir ons sondes betaal word nie as deur die dood van sy Seun.

Die waarheid van God. Die tweede eienskap van God wat die dood van sy Seun noodsaaklik maak, is sy waarheid. Dit is net so onversetlik soos sy geregtigheid. As God eenmaal iets belooft het – ten goede of ten kwade – dan moet Hy dit vervul, anders kom sy waarheid in gedrang. God het gesê: “*As jy daarvan eet, sterf jy.*” As Christus nie gesterf het nie, het God nie die waarheid gepraat toe Hy die dreigement teenoor Adam en Eva uitgespreek het nie. Daarom eis God se waarheid ook dat Christus moet sterwe. Christus *moes* dus sterwe. Hy het dit gedoen om vir al ons sondes ten volle te betaal, maar ook om vir ons die dood te oorwin (Heb. 2:14, 15).